
# SESSIE 4. DIE VERHAAL VAN JOSEF

## Genesis 37:2-50:26

## (lees die gedeelte as 'n geheel voor die sessie)

Verlede week het ons verhaal ons gebring by 'n verrassende en diepliggende ontmoeting tussen twee broers wie wêrelde uitmekaar geleef het. Vandag se verhaal van Josef bring ons weer soortgelyk by versoening uit, maar ook by 'n belangrike insig oor God in die groter wêreld.

Volg Josef se omswerwinge op die kaart hieronder.




Neem tyd en maak 'n karakter skets van die volgende persone in die verhaal. Hoe word hulle in die storie uitgebeeld?

- Jakob. 'n Pa wat treur oor die skynbare dood van Josef (lees Gen. 47:7-9).
- Josef. 'n Arrogante tiener wie se lewe ingrypend verander.
- Die broers. Let veral op Juda en Benjamin. Alhoewel die broers aan die begin negatief uitgebeeld word, verander hulle na die einde van die verhaal.

Wanneer ons die Josef verhaal met dié van Abraham en Jakob vergelyk is daar merkbare verskille waaraan ons kortliks nou aandag aan gaan gee:

1. Terwyl die Abraham en Jakob verhaal (Gen. 12-36:43) uit ‘n aantal los verhale bestaan wat in een storie saamgevoeg is, is die Josef verhaal daarenteen is ‘n enkele literêre werk. Die kern van die verhaal word in die volgende gedeeltes aangetref: Genesis 37, 39-45, 46:28-47:27. Rondom hierdie verhaal kern word die volgende losstaande gedeeltes aangetref:
   - Genesis 38 (Juda en Tamar verhaal) staan apart.
   - Genesis 46:1-7. God se verskyning aan Jakob.
   - Genesis 46:8-27. Latere invoeging.
   - Genesis 47:28-48:22; 49:28-33; 50:1-14. Materiaal oor Jakob se dood.
   - Genesis 50:15-26. Josef se dood.
2. In die kern Josef verhaal is daar nie sprake van ontmoetings met God soos in die Abraham en Jakob verhaal wat tot die ontknoping van die verhaal lei nie (vergelyk Gen. 12,22,28 en 32). Die karakters in die kern verhaal word ook nie soos Abraham en Jakob tot geloof opgeroep nie.
3. In Josef se verhaal is God nie soos in die ander verhale op die voorgrond nie, maar op ‘n misterieuse wyse in die agtergrond besig in die ontvouing van gebeure.

**Waarom vertoon hierdie verhaal in alle opsigte so anders?**


Dit is duidelik dat die skrywer van die Josef se konteks baie met hierdie verskille te doen het. Navorsers meen dat die verhaal sterk ooreenkomste toon met die tyd van koning Salomo se hofhouding waartydens die volk ‘n ongekende tyd van materiële voorspoedige beleef het waarop hulle roem. Lees in 1 Konings 4:20-21 asook 10:6-10 meer hieroor. Die storie van koning Salomo se voorspoed is egter vol kinkels. Die finansiering vir al sy uitspattige bouprojekte om ‘n koninkryk te bou het gelei tot die heffing van belastings en verarming van die mense in sy koninkryk wat saam met dwangarbeid tot die skeuring van sy ryk gelei het.

Dit is waarskynlik dat die gehoor van die Josef verhaal uit ‘n opkomende generasie gelowiges kom wat nie langer sin vind in ouer godsdienstige tradisies nie. Dit beteken egter nie dat hulle geloof prysgegee het nie. Hulle skets die realiteit dat God gedurig op ‘n misterieuse wyse in die groter wêreld besig is om

op ‘n ingrypende wyse te werk. Hoe haak hierdie boodskap aan by hoe ons God se teenwoordig in ons wêreld sien en daarop reageer?




**Die Josef verhaal struktuur**



Daar is drie pertinente oomblikke in die verhaal waarin die spanning opbou en waarin ons in die sessie aandag gaan gee.

A. Die droom in Genesis 37:5-9. Die karakters in die verhaal is nie, soos die leser, bewus dat die droom van God kom nie. Die spanning wat die droom skep word in die res van die verhaal ingedra.

Die ontknoping van die verhaal in B & C: Let op hoe die word "neerbuig" wat in die droom voorkom (Genesis 37:7,9) op drie ander strategiese plekke in die verhaal voorkom en die verhaal ontknoop: Genesis 42:6, 43:26,28 en 50:18.

B. Die eerste teologiese uitspraak in Genesis 45:4-8.
C. Die tweede teologiese uitspraak in Genesis 50:19-20.

**Ons kyk dieper na hierdie drie oomblikke.**

**A. Genesis 37.** Net soos in die ander verhale is die begin van die verhaal met spanning gevul. Josef dra slegte stories oor sy broers aan (Gen. 37:2) en Jakob het Josef liewer as sy ander kinders (Gen. 37:3-4). Hier is 'n tema wat ook in die ander verhale eggo. Die spanning ontknoop as God deur omstandighede die broers by mekaar uitbring. Self na Josef sy broers in Genesis 45 vergewe is hulle steeds bang vir vergelding van sy kant (Genesis 50:15).

Wie is die held van die verhaal? 'n Mens is geneig om die vinger na Josef te verwys wat swaarkry in sy lewe omgedraai het in sukses. Wanneer 'n mens egter mooi deur die verhaal lees verskyn daar onverwags 'n ander karakter wie die gebeure ontknoop, naamlik Juda. Hierdie gebeure ontvou in Genesis 44 en die volgende vraag:

Hoekom ryg Josef die gebeure waarin hy sy broers ontmoet so lank uit?

- Is dit omdat hy steeds nog soos in sy jonger dae arrogant is en sy broers wil terugkry vir wat hulle aan hom gedoen het? Josef se oudste seun is Menassa genoem wat beteken: "God het my alles laat vergeet" (Gen. 41:51). Het Josef werklik alles vergeet?

- Is dit omdat hy nie sy broers vertrou nie en hulle eers wil toets? Doen Josef die regte ding deur hulle te toets?
- Is Josef bewus dat God agter die besoek van sy broers staan? Dit blyk nie so in die verhaal nie – Josef is slegs bewus dat God hom insig gegee het in ‘n komende hongersnood.

Die Josef waarmee ons in Genesis 42-45 te doen kry is in ‘n diep stryd met homself gewikkel wat hy vir mense om hom probeer wegsteek. Alhoewel hy bewus is dat God besig is om deur hom iets groot te doen weet hy nie wat om met sy broers te doen nie! Wat gee helaas aanleiding tot die oomblik waarin Josef hom aan sy broers in Genesis 45 bekendstel?

Die antwoord is Juda se optrede in Genesis 44:6-34. Lees weer hierdie deel noukeurig deur. Wat het Josef by die punt gebring om sy broers te vergewe?

- Juda erken openlik dat die broers se liefdeloosheid (sonde) die oorsaak van alles is van hierdie situasie en bied hulleself aan as Josef se slawe (Gen. 44:16).
- Juda is die een wat aan sy pa se belange dink en nie kans sien dat sy pa (Jakob) nog swaarkry verduur nie (Gen. 44:18-34).
- Voel Josef nie dalk skuldig oor sy optrede as kind nie? Die feit dat sy pa hom voorgetrek het en die stories wat hy al die jare oor sy broers aangedra het.
- Die ontnugtering dat Juda homself ter wille van sy pa wat smart verduur wil prysgee.

Josef se reaksie in die volgende twee teksgedeeltes ontknoop dan die verhaal.

**B. Genesis 45:5-8**

*Maar hy het vir hulle gesê: “Kom na my toe!” en toe hulle nader kom, sê hy: “Ek is julle broer Josef. Julle het my verkoop, en ek is Egipte toe gebring. <u>Maar julle moet nou nie sleg voel of bang wees omdat julle my verkoop het nie, want God het my voor julle uit gestuur om lewens te red</u>. Dit is nou maar die tweede jaar van hongersnood in die land. Daar lê nog vyf jaar voor waarin*

*daar nie geploeg of geoes sal word nie. God het my voor julle uit gestuur om vir julle 'n oorblyfsel in hierdie land te laat oorbly, om julle aan die lewe te hou en sodat baie aan die dood sal ontkom. Dis nie júlle wat my hierheen gestuur het nie, maar God. Hy het my laat aanstel as die Farao se raadgewer en as bevelhebber oor sy huis en as regeerder oor die hele Egipte.*

Na hierdie insident volg ‘n klomp gebeure wat Jakob se dood inlei en waarna die volgende teks volg (die broers het gevrees dat Josef na Jakob se dood wraak gaan neem).

**C. Genesis 50:19-20**

*Maar Josef het hulle geantwoord: “Moenie bang wees nie. Ek is nie God nie. Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het.*

**Die boodskap van die Josef verhaal**

Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is. Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is.
Romeine 8:28-30

**Hoe is God vandag in ons wêreld teenwoordig?**

Walter Breuggemann vra die volgende: *“Is God relevant to a social situation in which human control seems established and sufficient?”*

Die antwoord is beslis, ja, en dit gebeur op verskillende maniere in ons wêreld. Wat is die implikasies hiervan vir ons vandag?

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

……………………………………………………………………………………………………………
……………………………………………………………………………………………………………
……………………………………………………………………………………………………………
……………………………………………………………………………………………………………

Die verhaal plaas die fokus op ‘n paar belangrike realiteite vir vandag:

1. **Vertroue in God.** Dit gaan aan die een kant oor ‘n vertroue in God wie se bedoeling ons vandag nie duidelik kan sien nie. God is nie van mense afhanklik om sy wil te laat geskied nie. Die kwessie is nie t moet nie verstaan word dat God nié mense gebruik nie, eerder dat God se wil nie deur mense se kompleksiteite in die wiele gery word nie. Paulus lê sterk klem op dat ons nie deur God regverdig word op grond van ons dade nie, maar op grond van sy genade (Rom. 3:21-24). Hierdie tema eggo reg deur die Aartsvader verhale. Toe die verhaal neergeskryf is, waarskynlik in die tyd van Salomo se hofhouding, het dit as waarskuwing gedien vir gelowiges se hovaardigheid en die feit dat hulle godsdienstig in hulle eie prestasies roem. Lees weer wat Paulus in 2 Kor. 12:8-10 sê (wanneer ek swak is, is ek eintlik sterk).

2. **God in beheer van die wêreld.** Sonder dat gelowiges (Jakob en sy seuns) en die sekulêre wêreld (Midianitiese handelaar en karakters in Egipte) dit kan sien of weet, is God aktief in wêreldgebeure betrokke. Deur die gebeure het nie net Jakob se nageslag behoue gebly nie, maar God het vele ander van hongersnood gered (vergelyk God se belofte aan Abraham in Gen. 12:3. “In jou sal die volke van die aarde geseën wees”). Die gedagte by punt 1 en 2 bring ons weer eens by God se soewereiniteit uit en hoe ons leef in die midde van wat ons kan sien en verstaan en dit wat ons nie kan begryp nie.

3. **God in ons gesinne en families.** Die verhaal gaan oor mense se stryd binne gesinne en families en die rol van mag daarbinne. Die feit dat Jakob liewer was vir Josef as sy ander kinders sit ‘n proses aan die gang wat op ‘n tragedie uitloop. Die verhaal laat ‘n mens wonder of Jakob nie ook dalk soos Juda gedink het dat hierdie alles die straf is vir die wyse waarop hy sy broer en pa bedrieg het nie.